NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

# JUNIE 2023

## DANKBAARHEID!

"Wees altyd dankbaar." Kolossense 3:15

Daar is een woord wat oor ons hele lewe geskrywe moet staan: dankbaarheid. Dis seker ook glad nie baie verbasend nie, want dis mos presies die reaksie wat jy sou verwag by iemand wat sóveel ontvang het, en dit sonder dat hy of sy dit hoegenaamd verdien het! Jy weet tog dat ons dit nooit verdien het dat die Here ons sou raaksien en ons nader sou trek nie. Ons het ook nie sy liefde verdien, of die bloed van Jesus wat gestort is om ons vrede te bewerk, sodat ons onsself kinders van God kan noem nie. Dit was alles verniet. Net enkel uit genade.

Dis mos waarom ons hele lewe in die teken van dankbaarheid staan. Ons in alles tot eer van die Here, want ons het ons hele bestaan aan Hom gegee as 'n lewende offer, wat vir Hom aanneemlik is (Rom. 12:1). Wat op sigself natuurlik niks minder as 'n wonderwerk is nie – dat *my* lewe vir God aanneemlik kan wees! 'n Verdere implikasie van hierdie offer is dat ek erken dat niks wat ek besit, regtig meer myne is nie. Ek bely dat ek en alles wat ek het, alles aan Hom behoort, en dat ek dit net namens Hom bestuur, tot sy eer!

En so gee ek alles aan Hom – eenvoudig omdat ek oorloop van dankbaarheid teenoor Hom wat my uit genade aangeneem het tot sy kind. Daarom gee ek ook met vreugde en blymoedigheid vir sy werk, deur my dankoffer maar ook deur daardie spesiale Dankfees wat ons een maal per jaar kan hou. Jy kan dit 'n basaar noem as jy wil – ek noem dit ons *dankfees*: die fees van mense wat oorloop van dankbaarheid!

Kom deel vanjaar weer daarin, en wees saam bly oor 'n Here wat in genade vir ons so eindeloos goed is...